HANDELSWISKUNDE SG V 1 NOVEMBER 2006

Oor die algemeen is die vraestel baie goed beantwoord. Leeders se werk is netjies en is goed uiteengesit.

VRAAG 1

Hierdie vraag het gehandel oor korter tipe aspekte en toets die basiese kennis van die vak. Oor die algemeen het kandidate hier gemiddelde punte behaal.

VRAAG 2

Elke jaar word dieselfde foute in die vraag ondervind. Die volgende aspekte moet in die grafiek aangetoon word:

- X- en Y-asse
- Skale moet op grafiek getoon word
- In die opskrif van die grafiek moet die R1000-bedrag getoon word
- Die oorsprong moet begin word soos die instruksies aandui

Kandidate sukkel nog om afleidings van die grafieke te doen. Hier moet die grafiek gebruik word om antwoorde te bepaal en nie formules nie.

VRAAG 3

Hierdie vraag is swak beantwoord. Kandidate ken nie die nodige formules nie. Hulle vind dit ook moeilik om een eenheid na ‘n ander te herlei. Onderwysers moet meer aandag hieraan gee.

VRAAG 4

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Indien ‘n kandidaat die verkeerde formule gebruik het, is geen punte toegeken nie. Kandidate moet die verskil ken tussen Samegestelde Rente en Enkelvoudige Rente.

VRAAG 5

Die gedeelte oor bankrotskappe is swak beantwoord. Kandidate moet weet wat is preferente eise en wat is konkurrente kredieteure en hoe die verband hanteer moet word.

VRAAG 6

Die vraag oor vennootskappe waar die verdelingsverhouding volgens tyd bepaal moet word, moet meer aandag geniet.

VRAAG 7, 8 EN 9

Hierdie vrae is goed beantwoord en geen probleme is hier geïdentifiseer.

Algemeen

- Kandidate moet beter opleiding kry met die gebruik van ‘n sakrekenaar.
- Kandidate moet geleer word om getalle korrek af te rond tot 2 desimale plekke of tot naaste heelgetal of naaste 100 soos gevra.
- Kandidate moet weet hoe om afleidings van formules te doen aangesien net die basiese formules verskaf word.